# Gauteng Begroting 2005/2006

Die 2005/06 Gautengse Provinsiale Regering se MTBR Begroting word ter tafel gelê gedurende die jaar waarin ons die 50ste Herdenking van die Vryheidsmanifes vier.

Met die viering van hierdie Herdenking het ons deur middel van hierdie Begroting hulpbronne toegewys op 'n manier wat die breë mikpunte van die Handves verder sal bevorder en die vorderings verdiep, wat ons tot dusver gemaak het met die uitbreiding van toegang tot 'n beter lewe.

Ons het sedert 1994 daarin geslaag om 'n soliede fondament te vestig, waarop ons vorentoe kan beweeg in die rigting van ons strategiese mikpunte. Die resultate van ons werk begin sigbaar word, met groter toegang tot maatskaplike dienste, verbeterde dienslewering en 'n groeiende ekonomie. Ons slaag daarin om 'n beter samelewing te bou wat gegrond is op gelykheid en waardigheid vir almal.

Ons prioriteite vir die huidige regeringstermyn is:

- Vinniger ekonomiese groei en werkskepping word moontlik gemaak
- Bestryding van misdaad en die vestiging van veilige, beveiligde en volhoubare gemeenskappe.
- Ontwikkeling van gesonde, vaardige en produktiewe mense
- Verdieping van demokrasie en nasiebou en die verwesenliking van die grondwetlike regte van ons mense
- Die bou van 'n doeltreffende en empatiese regering

Hierdie begroting sit uiteen presies hoe hierdie prioriteite bereik sal word deur die onderskeie programme en projekte van die Gautengse Provinsiale Regering gedurende die volgende drie finansiële jare.

Die Gautengse Groei- en Ontwikkelingstrategie is in lyn met ons verbintenis om by te dra tot die nasionale mikpunt om armoede en werkloosheid te halveer deur volgehoue en hoër vlakke van ekonomiese groei na te streef. Ons sal ons ook toespits op die uitdagings van die tweede ekonomie, die deel van ons ekonomie wat gekenmerk word deur hoë vlakke van werkloosheid, gebrek aan vaardighede en algemene onderontwikkeling.

Maatskaplike dienste beloop 81% van die totale besteding en dit weerspieël ons verbintenis tot die lewering van maatskaplike dienste van gehalte aan alle burgers van Gauteng. Ons het ook hulpbronne toegewys aan infrastrukturele projekte en provinsiale inisiatiewe wat ekonomiese groei stimuleer, werk skep en bydra tot die stryd teen armoede.

Ek vertrou dat u hierdie dokument nuttig sal vind as 'n bydrae tot begrip en ontleding van die Gautengse Provinsiale Begroting vir die 2005 MTBR.



Paul Mashatile
Gautengse LUR vir Finansies en Ekonomiese Sake

# **Waarom** het ons 'n begroting nodig?

**'n Begroting is 'n uiteensetting van die wyse waarop beskikbare fondse aangewend sal word. Die begroting stel ons in staat om só te spandeer dat ons die doelwitte bereik wat ons vir onsself gestel het.**

**Ons het 'n plig om die publiek ingelig te hou oor die regering se bedrywighede en hoe die geld bestee word.**

**'n Begroting gee ons ook 'n bestedingsplan waarteen die regering se prestasie gemeet en uitgawes gekontroleer kan word.**

**Hierdie brosjure verduidelik die Gautengse begroting vir die finansiële jaar van 1 April 2005 tot 31 Maart 2006.**

# Wat is die Uitvoerende Raad van die Gautengse Provinsiale Regering se prioriteite, sleutelaksies en programme?

## ■ Sneller ekonomiese groei en werkskepping

**Sleutelaksies en programme**

- Daarstelling en ondersteuning van en belegging in:
- Strategiese ekonomiese infrastruktuur waaronder die Gautrain-snelstrein, die Innoveringsmiddelpunt en die Nywerheidspark by die Johannesburgse Internasionale Lughawe
- Arbeidsintensiewe en waardetoevoegingsektore en 'n groter kennisekonomie; en
- Geteikende gebiede wat tot breë ekonomiese groei en die provinsie se ekonomiese ontwikkeling kan bydra
- Promosie van Gauteng as voorkeurbestemming van beleggers, toeriste, sakelui en sportlui
- Breër welvaart deur steun aan swart ekonomiese bemagtiging (SEB), ontwikkeling van klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO) asook koöperasies, die skepping van geleenthede vir selfindiensneming en 'n bydrae tot mikrofinansiering van veral vroue en jongmense
- Vervulling van 'n strategiese rol as verkryger van goedere en dienste
- Optimale benutting van landbougrond en groter steun aan swart boere
- Opbou van Gauteng tot 'n geïntegreerde en internasionaal mededingende streek

## ■ Bekamping van armoede en die bevordering van sterk, volhoubare gemeenskappe

**Sleutelaksies en programme**

- Instelling van 'n omvattende, gekonsolideerde infrastruktuurprogram vir die gestroomlynde en opeenvolgende lewering van openbare bates

Hierdie program sal verseker dat:

- Nuwe nedersettings voorsien word van openbare geriewe nog voordat of sou gou nadat mense in die nuwe huise ingetrek het
- Openbare bates hernu word namate die gemeenskap verander. Skole in ouerwordende gemeenskappe kan byvoorbeeld in gemeenskapsentrums omskep word
- Regeringsbeleggings toegespits word op openbare ruimtes of vervoerversamelpunte
- Kontrakte toegeken word aan plaaslike klein en opkomende entrepreneurs en dat arbeid optimaal in konstruksie en instandhouding benut word
- Openbare bates in stand gehou en ten volle benut word
- 'n Uitgebreide program vir openbare werke in Gauteng geïmplementeer word en dat bestaande programme vir openbare werke gekonsolideer word

# Wat is die Uitvoerende Raad van die Gautengse Provinsiale Regering se prioriteite, sleutelaksies en programme?

- Basiese dienste soos 'n sekere hoeveelheid gratis water en elektrisiteit aan almal gelewer word
- Verdigting van 'n groot verskeidenheid behuising op goed geleë eiendom, gerig op verskeie markte
- Formalisering van informele nedersettings op veilige, bewoonbare en toepaslik toegewysde grond
- Stedelike hernuwing
- Bevordering en verskaffing van plaaslike ekonomiese ontwikkelingsondernemings
- Ontwikkeling en implementering van 'n omvattende openbare vervoerbestuurstrategie
- Skep van 'n veilige en gesonde omgewing
- Samewerking met gemeenskappe en die polisie om veilige strate, wonings, werkplekke en skole te verseker, veral vir vroue en kinders
- Versekering van veiligheid op Gautengse paaie deur doeltreffende verkeersbestuur

## Ontwikkeling van gesonde, vaardige en produktiewe mense

**Sleutelaksies en programme**

- Bevordering van voldoende voeding en 'n gesonde lewenstyl
- Voorkoming- en behandelingprogramme om swak gesondheid en dood te voorkom
- Lewering van goeie gesondheidssdienste
- Konsolidering van primêregesondheidsorg-dienste
- Groter belegging in ons jongste burgers deur verbeterde jongkinderontwikkelingsdienste
- Konsolidering en versterking van die openbare skoolstelsel
- Uitbou van vaardighede van veral jong mense deur belegging in voortgesette onderwys en opleiding en die aanmoediging van leerlingskappe
- Versekering van lewenslange leer soos die bevordering van basiese volwassene-onderwys en -opleiding
- Die saamkoppel van nywerheid, hoëronderwysinstellings, vaardigheidsliggame en alle vlakke van die regering om 'n balans van vaardigheidsvraag en -aanbod te verseker, veral met betrekking tot vaardighede wat in 'n groeiende ekonomie benodig word

# Wat is die Uitvoerende Raad van die Gautengse Provinsiale Regering se prioriteite, sleutelaksies en programme?

## Voortgesette verskansing van demokrasie en die bevordering van grondwetlike regte

**Sleutelaksies en programme**

- Maatskaplike misdaadvoorkoming deur aandag te skenk aan die oorsaak van misdaad en geweld teen veral vroue en kinders
- Jeugontwikkeling deur geleenthede vir jongmense wat aan die ekonomie deelneem
- Vrouebemagtiging deur alle staatsprogramme wat struikelblokke vir gelyke deelname aan die ekonomie en gemeenskap uit die weg ruim
- Volgehoue nasiebou en maatskaplike kohesie deur middel van programme vir kuns, kultuur, sport en ontspanning
- Sportontwikkeling ten einde 'n gesonde en aktiewe lewenstyl te bevorder vir nasiebou en jeugontwikkeling
- Bevordering van openbare deelname en aanspreeklikheid
- Konsolidering van demokratiese deelname in alle bestuursvorme


## Daarstelling van 'n doeltreffende regering

**Sleutelaksies en programme**

- Verskaffing van goeie openbare dienste aan alle burgers
- Verbetering van die kapasiteit van openbare dienste
- Groter toeganklikheid van die staat deur
- Versekering van toeganklike inligting oor openbare dienste
- Verbetering van kommunikasie met ons mense
- Verbetering van griewemeganismes
- Gebruik van staatsmiddele op vindingryke wyse om maksimum impak te verseker
- Implementering van ons teenkorrupsie strategie en geen genade teenoor korrupsie en bedrog
- Werk met plaaslike regering saam om die transformasieproses te steun

# **Vanuit** watter bronne word fondse verkry?

**Nasionale toewysing Billikheidsaandele & Voorwaardelike toelaes**
**= R32,045 miljard (95%)**



**TOTALE BRUTO INKOMSTE**
**= R33,559 miljard**

**Provinsiale inkomste**
**= R1,514 miljard (5%)**

**Ander regstreekse kostes**
**= R36,5 miljoen**

**Netto inkomste**
**= R33,523 miljard**


# Bronne van provinsiale inkomste



**Belasting op dobbelary en weddenskappe**
= R372,6 miljoen
(24,6%)



**Pasiëntefooie**
= R167,3 miljoen
(11,1%)



**PROVINSIALE INKOMSTE**
= R1,514 miljard



**Voertuiglisensies**
= R744,2 miljoen
(49,1%)



**Ander bronne**
= R230,4 miljoen
(15,2%)

# Hoe word fondse onderling aangewend?

***Uiteensetting volgens funksies***

**Gesondheid**
**= R9,258 miljard**
**(27,7%)**

**Onderwys**
**= R10,360 miljard**
**(31%)**

**Departmente van Maatskaplike Ontwikkeling**
**= R7,541 miljard**
**(22,6%)**

**TOTALE BEGROTING**
**= R33,408 miljard**


**Openbare Vervoer, Paaie en Werke**
**= R1,446 miljard**
**(4,3%)**

**Behuising**
**= R1,648 miljard**
**(4,9%)**

**Ander**
**= R3,155 miljard**
**(9,5%)**

# Vir watter doel word fondse aangewend?

## *Uiteensetting volgens ekonomiese klassifikasie*



**TOTALE BEGROTING**
**= R33,408 miljard**

**Lopende betalings**
**= R20,246 miljard (60,6%)**

**Oordragte en subsidies**
**= R11,707 miljard (35%)**

**Betalings vir kapitaalbates**
**= R1,455 miljard (4,4%)**

---

## *Lopende besteding insluitende oordragte*

**LOPENDE BEGROTING**
**= R33,408 miljard**

**Vergoeding van werknemers**
**= R14,636 miljard (48,8%)**

**Goedere en dienste**
**= R5,574 mijard (16,7%)**

**Lopende oordragte en subsidies**
**= R7,999 miljard (23,9%)**

**Betalings wat kapitaalbates insluit = R5,199 miljard (15,6%)**

# Personeel besteding

**Gesondheid**
= R4,865 miljard
(33,4%)

**Onderwys**
= R8,289 miljard
(55,6%)

**Departmente van Maatskaplike Ontwikkeling**
= R317,6 miljoen
(2,2%)

**PERSONEEL BEGROTING**
= R14,636 miljard

**Openbare Vervoer, Paaie en Werke**
= R322,7 miljoen
(2,2%)

**Behuising**
= R81,8 miljoen
(0,6%)

**Ander**
= R760,4 miljoen
(5,2%)

# Kapitaaltoewysing volgens departemente

**Gesondheid**
= R447 miljoen (10,7%)

**Onderwys**
= R342 miljoen
(8,2%)

**Finansies**
= R1,191 miljard
(28,4%)



**KAPITAAL BEGROTING**
= R4,185 miljard

**Openbare Vervoer, Paaie en Werke**
= R643 miljoen
(15,4%)

**Behuising**
= R1,520 miljard
(36,3%)

**Ander**
= R42 miljoen
(1%)

# Spesiale Projekte

**Groei- en Ontwikkelingstrategie**
**= R250 miljoen (15,1%)**

**GautengOnline**
**= R100 miljoen (6%)**

**Provinsiale IT-Infrastruktuur**
**(E-Governance)**
**= R48 miljoen (2,9%)**

**Blue IQ**
**= R170, 3 miljoen**
**(10,3%)**

**TOTALE BEGROTING**
**= R1,656 miljard**

**Gautrain**
**= R900 miljoen (54,3%)**

**Alexandra Renewal Project**
**= R168 miljoen (10,2%)**

**Paveiligheids Projekte**
**= R20 miljoen (1,2%)**

# Waar het ons ons besteding verhoog?

| | Hoeveel ons verlede jaar bestee het (2004/05) miljard | Hoeveel beplan ons om vanjaar te bestee (2005/06) miljard | Met hoeveel ons besteding toe-/(af)geneem het % |
|---|---|---|---|
| **Onderwys** | 10,027 | 10,360 | 3% |
| **Gesondheid** | 8,943 | 8,258 | 4% |
| **Departmente van Maatskaplike Ontwikkeling** | 6,439 | 7,541 | 17% |
| **Finansies en Ekonomiese Sake** | 1,179 | 1,285 | 43% |
| **Behuising** | 1,440 | 1,648 | 14% |
| **Ander** | 3,179 | 2,915 | (18%) |
| **TOTAAL** | 31,207 | 33,408 | 7% |

# NOTAS